

12 Junie 2019

# Mediavrystelling

## AGRI NW TAKEL DIE MISDAADGOLF EN SWAK SAPD-DIENSLEWERING

Agri NW is deeglik bewus van die groterwordende misdaadgolf wat die volhoubaarheid van die landelike gemeenskap in die Noordwes Provinsie bedreig.

Agri NW ondersteun daarom die ernstige oproep van Agri SA aan die President van Suid-Afrika na die onlangse vlaag plaasaanvalle om nou dringend hierdie bedreiging aan te spreek. Dit is 'n uiters kommerwekkende situasie wat besig is om hand uit te ruk en die lewens, eiendom en volhoubaarheid van produsente bedreig en wat noodgedwoge verplig word om teen groot koste en ongerief al hoe meer veiligheidsmaatreëls in te stel.

Gebrekkige en ontbrekende SAPD-dienslewering en korruksie kom algemeen voor en dra by tot die groterwordende wetteloosheid. Agri NW het daarom met die bemiddeling van Agri SA 'n indringende en robuuste vergadering met verteenwoordigers van die kantore van die Nasionale- en Provinsiale SAPD gehad. Voorbeeld van talle voorvalle van swak ondersoekwerk, korruksie, versuum en selfs weiering om tydig in ooreenstemming met die reg op te tree, veral in die geval van grondbesettings, is ondubbelzinnig aan die SAPD oorgedra.

Die Provinsiale SAPD is hieroor aangespreek en 'n strategie en plan van aksie om hierdie probleme op te los is gesamentlik opgestel. Hierdie plan van aksie behels onder andere die opleiding van SAPD-beamptes in die toepassing van instruksie oor grondbesettings, gesamentlike werkswinkels met al die Landelike Veiligheid rolspelers om dit behoorlik te implementeer en procedures vir die rapportering van swak of ontrekende SAPD optredes.

Intussen is verskeie klages en probleme onder ander by die SAPD se Interne Ondersoek Direktoraat gerapporteer vir ondersoek en optrede. Die noodsaak vir die afdwing van gesag en dissipline is nou van uiterste belang. Indien die verwagte optrede nie plaasvind nie is Agri NW verplig om klages te eskaleer na die Onafhanklike Polisie Ondersoek Direktoraat en selfs siviellregtelike aksies in te stel.

Agri NW doen 'n beroep op produsente om alle misdaad aan te meld en tydig met Agri NW te skakel oor enige probleme wat met die SAPD ondervind word. Aanvaar persoonlike verantwoordelikheid vir die veiligheid van u huisgesin en plaaswerkers en ondersteun die plaaslike gemeenskap beveiligingsinisiatiewe.

## Dagbestuur

President: Willem De Chavonnes Vrugt – 082 946 2303

Vise-President: Cobus van Zyl – 083 283 7076

Vise-President: Daan van der Merwe – 083 453 9706

Uitvoerende Hoofbestuurder: Boeta du Toit – 082 388 1722

Adjunk-Hoofbestuurder: Naudé Pienaar – 082 776 8283

Uitgereik deur Agri NW-Korporatiewe Skakeling

**Vir navrae kontak:**

Boeta du Toit  
Uitvoerende Hoofbestuurder  
082 388 1722

Sarel Pretorius

Voorsitter: Agri NW Landelike Veiligheidskomitee  
082 944 0211